

Veekundige beraad:

Vrede 2013



**Die Winsbees
The Profit Breed**

Dinkskrum: Drakensberger Raad en konsultante bespreek belangrike punte in die toekomsbeplanning van die Ras.

Moontlike struikelblokke in ons strewe na uitbouing van die Drakensberger Ras is geïdentifiseer en met kundige persone en belanghebbendes bespreek.

- **Drakensbergers se prestasie in die voerkraal:**

Gesien in die lig van Mia Niemand se bevinding (MSc-verhandeling) dat daar geen verskil is wat betref morbiditeit/mortaliteit tussen Drakensbergers en ander rasse in die voerkrale nie, moet die DBTG die negatiewe persepsie teenoor Drakensbergers in die voerkraal teëwerk. Sy het gevind dat data by voerkrale baie swak gehou word. Ras is nie van belang in die voerkraal nie, maar wel wins. Voerkraal aankopers is die grootste enkele probleem, aangesien hulle besluit wat die produsent aangebied word.

Die verhouding tussen die Drakensberger boer en -aankoper is van uiterste belang. Kopers van speenkalwers en osse vir voerkraaldoeleindes moet bekend gestel word aan Mia Niemand se navorsing.

Dit is van kardinale belang dat 'n inentingsprogram teen BVD en respiratoriese siektes gevolg word. 'n Gesonde kalf presteer net soveel beter.

- **Drakensbergers se vermoë om hitte te hanteer. Presteer die ras werklik na wense in warmer dele van Suider Afrika?**

Volgens Liesel Foster se studie (2009) is dit duidelik dat die verskil in rektale temperatuur gemeet nie verskil tussen die inheemse rasse nie, maar wel tot 2 °C hoër is by Britse en Europese rasse.

Daar is ook gevind dat kuddes wat van koeler dele in KZN na die warmer Vryburg-omgewing geskuif het maklik aangepas het en dat kalwers 'n groter raam gehad het as hulle moeders a.g.v. beter kwaliteit weiding. Data van Mara se veldbulklub en telers in Limpopo en Namibië toon dat die ras goed aangepas is in hierdie warm streke.

Dit is dus duidelik dat dit geensins nodig is om die Drakensberger te bemark as 'n bees wat beter in kouer dele van die land aard nie.

- **Hoeveel inteling is daar in die ras en is dit belangrik om nuwe teellyne te skep?**

Daar is min kuddes (ook kommersiële kuddes) wat nie verwant aan mekaar is nie.

Volgens onlangse genetiese rasontleding deur Charl Hunlun van SA Stamboek is inteling in die Drakensberger 2.4% teenoor die gemiddelde 1.6% van die vier inheemse beerasse (Drakensbergers ingesluit). Daar moet gewaak word teen dié hoë inteling en verwantskappe wat aanwesig is in seker teellyne. Die ras se inteling is tans 0.5% per jaar, wat werklik die

drempel is. Volgens professor Frikkie Nesor, veekundige verbonde aan UFS, is rasegtheid 'n stremmende faktor en genetiese suiwerheid 'n mite.

Wat wel van belang is, is om gewenste eienskappe te teel deur 'n goed beplande opgraderingsprogram. Maak gebruik van hulpstamboek A- en B-bulle met die gewenste eienskappe. Opgradering vanuit kommersiële kuddes bied hier die grootste geleentheid. Daar word tans minder as 2% van kommersiële diere opgeneem in die stoetbedryf.

Die feit dat 'n paar groot kommersiële kuddes die afgelope paar jaar oorgeskakel het na rooi beesrasse, is rede tot kommer.

- **Bestaan daar genoeg variasie in die ras?**

Inteling verlaag die variasie en in sekere kuddes is daar nie genoeg variasie nie. Deur meer diere in te bring, word die variasie verhoog, wat baie positief is.

- **Is die groot hoeveelheid data wat verskaf word in veilings katalogusse werklik van waarde vir die kommersiële teler?**

Daar word gevoel dat daar te veel inligting in die gewone stamboek katalogus is vir die kommersiële teler. Die nuwe katalogus wat VBRSA en Stamboek nou ontwikkel sal baie korter en meer prakties wees, bv:

Lyn 1: Stamboekdata bv. Geb. dat, vaar, moer, ens

Lyn 2: VBRSA-data

Lyn 3: BLUP-data

'n Goeie riglyn is om inligting eenvoudig, relevant en duidelik leesbaar te vertoon. Relevante inligting vir kommersiële boere sluit inligting in soos geboortedatum en –gewig, speengewig en –indeks, koei se kalfrekord, gemiddelde speenindeks en hoeveelheid kalwers gespeen, bulle se vrugbaarheidstoets en veldbultoeits-resultate.

Vir kommersiële boere is dit belangrik om te weet dat enige bul van 'n kudde vir hom goeie eienskappe sal teel. Daarom is inligting van die stoet as geheel net so belangrik as inligting van 'n spesifieke bul.

Baie boere voel dat, om doeltreffend jou kudde te verbeter, jy makliker 'n geskikte bul kan kies deur na data te kyk soos ekonomiese indeks by veldbul SA. SA Stamboek se groeiwaarde en koeiwaarde word gebruik om produksiewaarde te bepaal.

Vir baie boere is dié data dus belangrik en kan dit moontlik as 'n bylae tot die katalogus verskaf word.

- **Is Fase C nog relevant?**

Die besware teen Fase C is die vervoer van diere oor lang afstande, koste van voer en veranderde omstandighede tydens die toetse.

Die vraag na relevansie het ontstaan na aanleiding van data van Beefmaster bulle, wat tans die vinnigste groeiende beesras is.

Deelname aan Fase C:

Jaar	Drakensberger	Beefmaster
2006	67	0
2007	54	0
2008	65	3
2009	43	7
2010	454	8
Totaal	274	18
%	4.3	0.3

Die meerderheid deelnemers het gevoel dat gehalte-toetse steeds belangrik is in 'n kompeterende mark. Die eienskap wat gemeet word, nl. voerinnome en omsetting in vleis is van ekonomiese waarde om te weet. Hier kan ons onself as winsbees bewys. Peter Milton, veekundige, stel voor dat fase C-bulle geïdentifiseer word deur doeltreffende moeders te kies waarvan die bulkalwers dan gekies word. Daar word ook gemeen dat, alhoewel alle groeitoetse geld kos, die meeste diere binne 24 maande daarvoor kompenseer in gewig.

- **Waarde van deelname aan die “Ultimate Beef Challenge”**

Bewusmaking van die goeie eienskappe van Drakensberger-vleis is belangrik. Die kompetisie bied goeie blootstelling. Die landboumedia het ongelukkig nie genoeg klem op die prestasie van die Drakensberger laat val nie. Dit was immers die enigste inheemse ras onder die top-vyf.

Die algemene gevoel is dat daar weer deelgeneem moet word.

Volgens Milton word jaarliks 60 000 diere benodig om handelsmerk vleis volhoubaar te bemark.

- **Variasie in raamgrootte by Drakensberger-koeie**

Hulpbronne (hoeveel kos jy beskikbaar het) bepaal die grootte van diere. Raamgrootte moet gekoppel wees aan vrugbaarheid. Doeltreffende koeie kalf elke jaar. Amptelike syfers toon dat ons op die regte pad is.

Rodney Neuman bespreek die waarde daarvan dat Drakensbergers as gekose moederlyn in kruisteling bemark word.

Daar word voorspel dat die neiging sal wees om groter karkasse te teel teen 2020. (Sg. “box beef”) Karkasse van 300 kg word voorspel.

- **Hoe belangrik is koei-doeltreffendheid?**

Koei-doeltreffendheid word oorbeklemtoon en kan misleidend wees. Bv:

Koei A-500kg=speenkalv van 250kg-doeltreffendheid=50% (nie-dragtig)

Koei B-520kg=speenkalv van 250kg-doeltreffendheid=<50%(dragtig)

Die klem moet eerder val op ’n effektiewe kudde:

-Meer klem oor die produktiwiteit van die koei-kudde as geheel.

-Beweeg weg van die idee dat koeie ’n jaar kan oorslaan.

- **Hoe belangrik is bekkenmates?**

VBRSA het vanjaar ongeveer 3000 bulle se bekkens gemeet en die data is beskikbaar. Ons is nog in die beginfase van meting en min inligting is beskikbaar. Bekkengrootte is hoogs oorerflik. Mates word met ’n bekkenmeter op 12 maande gemeet. Meting is veral van waarde as paring op 15 maande gedoen word. Die ouderdom en gewig van diere moet in ag geneem word as die bekkenmate gebruik gaan word in die keuse van diere. Hannes Dreyer stel voor dat slegs diere met die kleinste bekkens uitgegooi sal word.

- **Meet ons die regte eienskappe?**

Skou het tot gevolg dat ons net vir groei geselekteer het en dat diere oorvet aangebied word. Aanpasbaarheid en kondisie moet altyd ’n rol speel en vleiseienskappe en spierdefinisie is nodig.

Eienskappe wat van ekonomiese belang is, is die eienskappe wat gemeet moet word.

-By koeie is dit faktore soos dat sy ’n swaar kalv sal lewer en binne 84 dae na kalwing sal dragtig wees. Die weeg van speenkalwers op ’n spesifieke ouderdom is nog ’n faktor wat sal toon of die kudde ekonomies effektief is.

-By bulle moet gekyk word na faktore wat dui op manlikheid, vrugbaarheid, vermoë om te dek, fiksheid en eienskappe van sy nageslag.

-Fokus op faktore soos voeromset-verhouding en groei.

'n Nuwe era bring nuwe eienskappe wat gemeet kan word. So teken professor Nesor aan op watter ouderdom die bees tande sny.

- **Is die kommersiële teller afhanklik van die stoetteler?**

Daar word voorspel dat die hele bedryf in die toekoms oor getalle sal gaan. Dr. Jan Hofmeyer het reeds in 1971 gesê: “There is an effectiveness in numbers that are seldom equaled by breeding skill.” Die vraag ontstaan of die kommersiële teler wat met tot 800 teelkoeie boer by 'n stoetboer sal koop wat 50-100 koeie het bloot omdat dit 'n stoetteler is.

Charl Hunlun (SA Stamboek) meen dat onbeplande teling binne kommersiële kuddes na twee generasies nie volhoubaar is nie. Daarom moet teler-genootskappe eienskappe identifiseer wat vir kommersiële telers belangrik is. Kopers moet gekontak word om uit te vind wat hulle behoeftes is. Lewer ook 'n voortgesette diens aan jou kopers.

Peter Milton sê vir 'n gesonde bedryf moet daar vir elke stoetkudde 6 kommersiële kuddes wees. Aangesien slegs 4% van bulle deur stoetboere gekoop word, is die kommersiële boer die primêre mark.

Die mark is baie kompetend, aangesien kommersiële boere ook metings aanteken van hulle eie-geteelde diere en dit vergelyk met die stoetbulle in die mark.

- **Eienskappe wat in die toekoms belangrik kan word**

1) “Gerieflikheids eienskappe”:

- Al word die boer nie vergoed vir sekere eienskappe wat hantering gemakliker maak nie, is dit voordelig in die arbeidsintensiewe mark.

- Die poenskopgeen. Alhoewel die koste om 'n bees te onthoring op nie meer as R5/bees bereken word vir sekere boere nie, is dit 'n groter probleem vir boere met minder arbeid.

- Temperament

- Libido

- Kalwingsgemak

2) Langlewendheid

3) Vermoë om 'n kalf vir 'n lang tydperk te soog.

4) Vermoë om vinnig 'n swaar speenkalf te lewer.

5) Met klimaatsverandering word voorspel dat plantegroei meer houtagtig sal word. Die vermoë om hierdie nuwe plantegroei te kan verteer en verwerk kan 'n belangrike faktor wees.

6) Die vermoë om gewig op te tel op die veld teenoor op graanvoeding.

- **Die rol van genomika in die toekoms**

Genomika skep nuwe moontlikhede vir die bedryf deurdat sekere eienskappe geïdentifiseer kan word. Eienskappe soos vleissagtheid, marmering, die poenageen en siekteweerstand is van die gewenste gene wat bepaal kan word. Aangesien genomika al hoe belangriker gaan word, is ons taak nou om soveel moontlik inligting te versamel.

Die eerste stap is om biologiese monsters (bloed, semen, weefsel of hare met wortels) van diere wat 'n groot rol in die ras gespeel het te neem en te stoor. Ekstraksie en stoor van monsters kos ± R80/monster. Om ouerskap te bepaal deur mikrosatellietontleding kos R130-R150 en deur SNP-ontleding ±R300. Om 'n volledige SNP-ontleding te doen kos tans R1000/dier.

Om 'n verwysingsraamwerk op te bou benodig ons soveel as moontlik diere met 'n aktiewe nageslag. Die Bonsmara-ras gebruik ongeveer 1000 diere. Buitelandse rasse kan hulle oorsese verwysingsraamwerk gebruik, maar die inheemse rasse moet nog begin met die opstel van 'n verwysingsraamwerk. Daar kan moontlik 'n positiewe korrelasie wees tussen inheemse rasse.

- **DNA om historiese riglyne te verander**

Markvereistes het verander en ekonomiese waardes is van groter belang as, byvoorbeeld, die kleur van 'n bees. DNA kan bevestig of 'n bees raseg is. Danie Bosman sê dat rooi Drakensbergers 'n positiewe omwenteling kan veroorsaak in die ras.

- **Is raskenmerke nog noodsaaklik?**

Ras kenmerke van 'n bul is aan sy kop sigbaar. Ander eienskappe wat van die kop afgelei kan word is lewendigheid, belangstelling en selfs libido. Peter Milton stel voor dat ons moet wegbeweeg van die term “stoetteling” en beweeg na “franchise breeding”. Teken alle moontlike eienskappe aan van die ras, al lyk dit hoe onbelangrik.

DNA-tegnologie bring wetenskaplike bewyse na vore waarteen in die verlede gewaak is. Geneties suiwer diere wat byvoorbeeld wit teel bo die onderlyn of aan die pote is raseg. Die term “bont” is nie voorspelbaar nie en moet vermy word, teenoor geheel rooi of swart, wat voorspelbaar is. Die rooi geen in die Drakensberger is nog altyd onderdruk. Die swart geen is dominant en rooi resessief. Genetiese eienskappe moet die ras se toekoms bepaal. By Angus en Brangus kry jy rooi of swart en niks tussenin nie.

Ekonomiese oorwegings gaan die ras laat oorleef en nie emosie nie. Frikkie Nesor vra wat die wetlike implikasie sou wees as 'n swart bul onder beskerming van die Genootskap

gekoop word en rooi kalwers teel. Wie is onder die verbruikerswet aanspreeklik sou daar 'n eis daaruit voortvloei?

- **Moet daar nog klem gelê word op die geskiedenis van die Drakensberger met bemarking of “boer ons in die verlede”?**

Die waarde van die geskiedenis lê daarin dat dit 'n inheemse bees is, maar meer klem kan ook gelê word daarop dat kuddebestuur gemaklik is en op ekonomiese eienskappe soos vleisproduksie.

- **Het die Drakensberger voldoende vleis-eienskappe?**

In al die groeitoetse presteer Drakensbergers net so goed en beter as vergelykbare rasse. Bepiering is 'n belangrike eienskap waarna gestreef moet word.

- **Ten slotte**

Die positiewe gesindheid van onafhanklike raadgewers by die bosberaad het ons opnuut geïnspireer om te beplan vir die toekoms van die Drakensberger. Geskiedenis was nog altyd belangrik in die Drakensberger Genootskap, maar nou het ons 'n doelgerigte visie vir die toekoms. Nuwe denke is nodig, tegnologie moet benut word, maar belangrik: KEN JOU PRODUK. Sentiment sal altyd daar wees, maar sien die opwindende groter prentjie en stel hierdie nuwe visie en navorsing bekend aan ons stoet- en kommersiële telers.

- **Teenwoordig:**

Magiel Blom

Henk Delpont

Dr. Hannes Dreyer (Veekundige Sameroeper)

Liesel Foster (Navorsers en stoetboer)

Johann Fourie (Programleier)

Joel Herholdt (Molatek)

Charl Hunlun (SA Stamboek)

Willie Landman

Thys le Roux (Veekundige)

Peter Milton (Veekundige)

Johan Mouton (Molatek)

Prof Frikkie Nesor (UFS Landbou-fakulteit)

Rodney Neuman

Gawie Roux

Barry Symons (Veekundige)

Hendrik van Pletzen (Voermol)

